www.PapaCambridge.com

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education
Advanced Subsidiary Level

**AFRIKAANS** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2005

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen on both sides of the paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions in **Afrikaans**.
Dictionaries are not permitted.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ‘n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ‘n donkerblou of swart pen op die voorkant en agterkant van jou papier.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Woordeboeke word nie toegelaat nie.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ‘n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank pages.

UNIVERSITY of CAMBRIDGE

www.PapaCambridge.com

## Section 1

**Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.**

### BEWEEG VEILIG EN MET STYL

BMW se nuwe afslaankapmotor is toegerus met weelde en veiligheidsitems. Kopers kry ekstra gemoedsrus met ‘n landwye vier-en-twintig-uur nood-padbystandsdiens. Die Mercedes-Benz Kompressor Sportkopee se naam is ‘n mondvol, maar die kar is deel van die legendariese veiligheid en vastigheid van sy Mercedes stalmaats. As jy gereed is vir baie perde onder die enjinkap, is jy gereed vir die nuwe Toyota sportsmotor. Dié klein blits bied ‘n sprankelry gekombineer met pret en weelde. Veiligheid word verseker danksy die ABS-remstelsel, veiligheidslugsakke en die bak se versterkte staalkonstruksie. Diep sitplekke is ontwerp om sweepslagbeserings te verminder. ‘n Immobiliseerstelsel, ‘n dubbelsluitende sentrale sluitstelsel skep gemoedsrus.

Ten spyte hiervan is Toyotas en BMW’s die gewildste teikens. Indien jy een besit moet jy op jou hoede wees teen kapings. Lindie van Eeden was met haar luukse Audi op pad werk toe. Sy het by ’n verkeerslig stilgehou waar twee kapers haar uit haar motor gedwing het. ‘n Barmhartige Samaritaan het gelukkig uit sy motor gespring en haar gehelp.

Eugene Herber, besturende direkteur van Risk Administrative Consultants, sê die beste afskrikmiddel is iemand wat weet hoe om sy motorvoertuig te hanteer. Fynkam ook die omgewing terwyl jy na jou voertuig aanstap. Wissel die tyd af wanneer jy die huis verlaat en terugkom en moenie die hek oopmaak as karakters daarnaby rondhang nie.

Alhoewel kapings toeneem, beweer Tom Ferreira dat motoriste se bestuursvernuf en padgedrag meer gevaar inhou. Hy identifiseer twee soorte bestuurders: dié wat nie ordentlik wil bestuur nie en dié wat dink hulle kan goed bestuur. Die spesie wat nie ordentlik wil bestuur nie is bekend as die padvark. Hierdie soort sal aan jou motor se agterstewe vasklou, sy hoofligte en misligte met verblindende helderheid in jou truspieëltjie skyn en wanneer hy verbysteek swaai hy reg voor jou in en jaag van verkeerslig tot verkeerslig. Hy word dikwels agter ‘n minibus se stuur aangetref en beywer hom meer doelgerig om homself, sy passasiers en mede motoriste van die gras af te maak. Die spesie wat dink hy kan goed bestuur is egter die gevaarlikste. Hy glo dat hy alle regulasies behoorlik onder die knie het en hy beskik oor bestuurstalent wat ander motoriste kortkom.

**1** Gee ‘n kort definisie in Afrikaans vir die volgende woorde soos dit voorkom in die artikel:

Voorbeeld: Verskaf

Antwoord: Die kattebak gee genoeg plek.

**(a)** toegerus (sin 1) [1]

**(b)** bystand (sin 2) [1]

**(c)** mondvol (sin 3) [1]

**(d)** blits (sin 5) [1]

**(e)** gemoedsrus (sin 9) [1]

[Totaal: 5 punte]

www.PapaCambridge.com

**2** Verduidelik die volgende sinne **in jou eie woorde.** Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

Voorbeeld: Wissel die tyd af wanneer jy die huis verlaat. (Jy …)
Antwoord: Jy moet jou roetine afwissel.

**(a)** Sy is uit haar motor gedwing deur twee kapers.
(Twee kapers het …) [1]

**(b)** ‘n Barmhartige Samaritaan het haar gehelp.
(Sy is gehelp ….) [1]

**(c)** Die beste afskrikmiddel is iemand wat weet hoe om sy motorvoertuig te hanteer.
(Die beste afskrikmiddel is ….) [1]

**(d)** Fynkam die omgewing terwyl jy na jou voertuig aanstap.
(Wanneer jy na jou voertuig aanstap ….) [1]

**(e)** Moenie die hek oopmaak as karakters daarnaby rondhang nie.
(Jy moet nie die hek oopmaak as….) [1]

[Totaal: 5 punte]

**3** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans.** Bepaal jou by die teks, maar **moenie** sinne direk uit die teks oorskryf nie.

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)***

**(a)** Watter **twee** vergelykings word getref tussen perde en motors in die begin van dié artikel? [2]

**(b)** Noem drie veiligheidsaspekte en verduidelik hoe dit ‘n motoris kan beskerm tydens ‘n ongeluk. [6]

**(c)** Verduidelik in jou eie woorde wat ‘n padvark is en gee **drie** voorbeelde uit die artikel. [4]

**(d)** Wat beteken die uitdrukking “van die gras af te maak” in dié artikel? [1]

**(e)** “Hy glo dat hy alle regulasies behoorlik onder die knie het.” Verduidelik hierdie stelling. [2]

[Totaal: 20 punte]

www.PapaCambridge.com

## Section 2

**Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.**

**PADWOEDE**

Daar is vele oorsake wat lei tot padwoede. Televisie, advertensies en toenemende geweld dra by, asook ‘n toename in motors op die pad. Verkeersgeraas, uitlaatgasse en vertragings veroorsaak woede by stedelike motoriste.

Die Kaliforniese Instituut vir Vervoerveiligheid het bevind die algemeenste probleme wat tot padwoede bydra is baanverwisseling sonder flikkerligte en die verontagsaming van die vasgestelde volgafstand tussen motors.

Britse sielkundiges het bevind die enkele ding wat die meeste tot padwoede lei, is wanneer iemand ‘n parkeerplek vat waarvoor iemand anders gewag het; daarna volg diegene wat nie hul hoofligte demp nie.

Padwoede kan voorkom word deurdat motoriste verkeersreëls gehoorsaam en nie oor rooi ligte jaag nie, of voor ander motors indruk nie. Moenie vingertekens wys nie en moenie gevaarlik uitswaai nie en skielik rem trap nie. Bly ten alle tye kalm en wees deurentyd bedagsaam. Gee ander motors wat uit inritte kom ‘n kans om by die verkeer aan te sluit. Moenie jou ligte flits of onnodig toet nie en hou op ‘n veilige afstand en moet nie te stadig in die regterbaan ry nie. Moenie iemand anders verhinder om by jou verby te steek nie.

Lourens Schlebush, hoof van sielkunde aan die Universiteit van Natal sê padwoede sal afneem as motoriste leer hoe om op stres te reageer. Hulle moet hulself vra of die ander persoon hul werklik te na gekom het en of hulle hom moet terugbetaal. Positiewe denke kan keer dat die situasie hand uit ruk.

Moira Winslow het ‘n organisasie gestig om mense van padveiligheid bewus te maak. Sy het haar dogter, seun en twee kleinkinders verloor in ‘n padongeluk as gevolg van ‘n ‘onwettige tydren’ gehou deur die Porsche-klub op die hoofweg. Die band van een van die motors het gebars en dit het haar familie se motor teen ‘n spoed getref, nadat dit buite beheer geraak het. Die organisasie besoek skole en help om kinders bewus te maak van padveiligheid.

‘n Taxi-bestuurder sit drie jaar in die tronk omdat hy roekeloos bestuur het. Hy het in sy wit BMW motor links van die geel streep gejaag en al die verkeersligte geïgnoreer en voor verkeer oor drie bane links gedraai en twee keer in eenrigtingstrate teen verkeer ingery. Sy rybewys is vir vyf jaar teruggetrek.

www.PapaCambridge.com

**4** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans in jou eie woorde.**

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik dus 15 + 5 =***

**(a)** Watter twee vermeerderende faktore dra by tot padwoede? [

**(b)** Vergelyk die bevindings van die Kaliforniese Instituut en die Britse sielkundiges. [5]

**(c)** Noem vyf maniere hoe motoriste bedagsaam kan optree. [5]

**(d)** Verduidelik wat bedoel word met "te na gekom het" (sin 18). [1]

**(e)** Wat bedoel Lourens met die woorde: "terugbetaal" (sin 18) en "hand uit ruk" (sin 19)? [2]

[Totaal: 20 punte]

**5** Beantwoord die vrae in **Afrikaans.**

**(a)** Met verwysing na beide artikels dink jy die tipe kar wat jy bestuur speel 'n rol in jou mate van veiligheid op die pad? Skryf **ongeveer 100 woorde**. [10]

**(b)** Wat is die hoofgevaar op die pad volgens jou en verduidelik waarom jy so dink. Wat is jou oplossing daarvoor? Skryf **ongeveer 40 woorde**. [5]

[Taalgebruik: 5]
[Totaal: 20 punte]

BLANK PAGE

www.PapaCambridge.com

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.